Die rol van mentorskap in die opbou van geestelike leierskap

Gerhard van der Merwe *is die leierleraar van die NG Gemeente Krugersdorp-Oos. Hy is tans die voorsitter van die taakgroep vir mentorskap van die NG Kerk.*

Die groot uitdaging van die lewe is sekerlik altyd om die beste te wees wat jy kan. Dit is nie dat jy jouself die heeltyd met ander mense wil vergelyk nie, maar juis dat jy dikwels jouself wil uitstrek om die wenstreep te haal, jou volle potensiaal te ontwikkel en te besef dat jy in elke fase van jou lewe ander uitdagings in die oë staar.

Instinktief weet jy ook dat jy die lewensreis nie op jou eie kan aanpak nie. Daar is reisgenote wat die reis soms moeiliker en soms makliker maak. Die kuns bly seker om voortdurend te evalueer wáár jy in elke verhouding staan, wie jy nooi om sáám met jou te reis – juis omdat hulle die reis soveel lekkerder en makliker maak.

Die vraag is waar om hierdie skaars reisgenote langs die pad te ontdek. Goeie dinge gebeur nie sommer net nie, dit word beplan.

Hiervan is baie voorbeelde in die Bybel. Barnabas word ’n reisgenoot vir Paulus. Paulus neem weer Timoteus en baie ander as sy reisgenote. Die bekendste is seker die dissipels wat die voorreg gehad het om Jesus as reisgenoot te hê.

In ons tyd word die waarde van sulke reisgenote weer herontdek – mense wat in jou glo en gretig is om jou te sien wen, wat enigiets sal doen om jou te laat slaag. Hulle sal jou aanmoedig, luister, ondersteun, deure vir jou oop maak, sáám met jou ondersoek instel, bid, jou waarsku, uitdaag, aanpor – mense was ommer net daar is vir jou.

Reisgenote wat nie bedreig voel oor jou sukses nie, wat kan bly wees as jy lekker kry en wat wat saam met jou trane kan sug. Reisgenote wat vertrouelinge is, met wie jy jou hart kan deel sonder om te wonder of dit iewers teen jou gebruik gaan word.

Is dit moontlik dat daar mense is wat hierop kan fokus? Wegkyk van hulle eie agendas om te kyk hoe hulle ander dominees kan help slaag? As dit nie in die kerk kan gebeur nie, dan kan dit sekerlik nêrens gebeur nie. Christus maak dit moontlik vir ons elkeen om op ander mense se behoeftes en nood te fokus.

Reg oor die land word mentors as reisgenote opgelei. Hou maar net dop om te sien wanneer so ’n geleentheid in jou omgewing opduik. Iewers is daar gelowiges wat gereed staan om jou in die wedloop aan te moedig totdat jy die wenstreep bereik.

By hierdie opleidingsgeleenthede ontdek dominees skielik dat daar baie méér in sit. Hulle ontdek hoe hulle as mentors in hulle eie gemeentes ander geestelike leiers kan opbou en toerus: kerkraadslede, kategete, selleiers en jong leiers wat potensiaal toon en gretig wag dat iemand in hulle sal investeer. Op ’n dag sien hulle hoedat hierdie selfde persone wat hulle doelbewus ondersteun het, dieselfde begin doen met die mense naaste aan hulle – in kerkraadskommissies, selbyeenkomste, die kategeseklas, by die werk.

Mentorsvoorbeelde is aansteeklik. Ware dissipelskap begin met iemand wat na aan ander gelowiges kom staan en hulle op die voorbeeld van ons Leermeester wys.

Ek onthou nog die dag toe ’n onderwyser my op skool dié vraag gevra het: “As jy die hele rugbyveld vol koeldrankbotteltjies sou pak, hoe sal jy die botteltjies die vinnigste kan vol kry? Moet jy die besproeiingsstelsel aanskakel, of eerder die tuinslang kry en die botteltjies een vir een volmaak?” Maar natuurlik deur een vir een vol te maak, neer te sit en aan te beweeg na die volgende leë botteltjie!

Ons mors net té veel energie deur ’n skoot in die donker te skiet en hoop vir die beste. Té veel druppeltjies val op die buitekant van die botteltjies! Is dit dalk deel van die krisis wat ons vandag op die terrein van geestelike leierskap het?

Die herstel van waardes waardeur alleedaagse keuses gedryf kan word, gaan begin wanneer gelowiges wat in die hande van die Here oorgegee is en aan sy voete sit, hierdie krisis tromp-op konfronteer. Ons mag dalk nie die volle vrug hiervan in ons bedieningstyd sien nie, maar dit sal ’n beweging wees wat voortstoom en wat die magte van die duisternis nie sal kan stuit nie.

Goeie mentors is ’n skaars spesie. Maar hulle is daar, sommer naby aan jou. As jy regtig sulke vertrouelinge soek, sal jy hulle vind.